# DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902*

Gebore in die distrik Victoria-Wes, Kaapland, was ek by die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 nog 'n Britse onderdaan en as amptenaar in 'n kantoor van die „Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappy" (N.Z.S.A.M.) in Johannesburg werksaam.

As gevolg van die heersende toestand voor die uitbreek van die oorlog, is deur spoorwegamptenare van hoë rang, wat voor hul koms na Suid-Afrika in die Nederlandse leër 'n offisiersrang beklee het en deur ander bevoegde persone, 'n Militêre Korps van Vrywilligers op die been gebring. Die beweging was maar 'n geringe poging om, in geval van 'n oproep om by die Boeremagte aan te sluit, slaggereed te wees. Ook ek was lid van hierdie Korps. Van Staatsweë is aan die lede uniforms en aan sommige bevoorregtes ook 'n kort mauser gegee.

Enkele dae na die aanvang van die oorlog het ons na Pretoria afgereis om van die President persoonlik te verneem watter voorsorgmaatreëls ons moes tref, ten einde gevrywaar te wees van enige probleme wat daar met die Britse outoriteite mag ontstaan indien ons as Britse onderdane by 'n Boerekommando sou aansluit.

Saam met 'n paar mede-Kolonialers het ons die President op die voorstoep van sy huis ontmoet. Die onderhoud was heeltemal informeel. Die President was baie ernstig, hoewel vriendelik en behulpsaam. Na aanhoor van ons voorneme om aktief aan die oorlog te wil deelneem, het hy ons na hoofamptenaar Sausenthaler in die Raadsaal verwys om as burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek ingeskryf te word. Na die invul van die gevraagde besonderhede, is aan elkeen van ons 'n dokument, „Brieven Van Vol Stemrecht" oorhandig, onderteken deur „Staatsprocureur", „Staatssecretaris", „Eerste Staatsclerk" en gedateer 16 Oktober 1899. Hierdie dokument was as 'n „Burgerrecht Certificaat" bekend. „Verlof van Afwesigheid" om op kommando te gaan, moes van die hoofkantoor van die N.Z.A.S.M. verkry word.

In my geval is van Staatsweë geen melding van vergoeding vir kommandodienste gemaak nie en vir sover ek my kan herinner, is daar nooit verwys na 'n verwagte beloning vir kommandodiens na beëindiging van die oorlog nie. In die allesomvattende begrip van vrywillige aansluiting, het stoflike voordele dus geen rol gespeel nie.

Behalwe vir die noodsaaklikste, nl. 'n mauser, het ek geen militêre uitrusting ontvang nie. Saam met die ander opgekommandeerdes moes ek self die hoognodigste kledingstukke en ander benodigdhede vir die kommandolewe aanskaf. Deur gebruik te maak van die heersende toestande, het handelaars, soos gewoonlik, die artikels teen ongehoorde pryse te koop aangebied. So bv. moes ek vir 'n paar hoë kaplaarse meer as dubbel die gewone prys betaal. Die prys van 'n paar saalsakke, was genoeg om enigeen te ontstel.

* Hiermee plaas *Historia* die eerste deel van die wedervarings van mnr. C. J. Blom.

Die besit van 'n paar saalsakke en 'n waterkannetjie, het sommige op kommando my altyd beny. Albei hierdie artikels het in die daaglikse bedrywighede van die burgers 'n lewensbelangrike rol vervul. Haastig voorbereide proviand soos o.a. 'n stukkie vleis, stywe mieliepap, 'n askoek, 'n trekseltjie koffie, medisyne, 'n ekstra voorraad mauserpatrone en dikwels ook 'n onontbeerlike kledingstuk, het bergplek in die saalsakke gevind.

My krakende kaplaarse het, weens die vreemde voorkoms en buitensporigheid daarvan, min liefhebbers gelok. Die skoeisel van die burgers was van die gewone, alledaagse soort en my spoggerige laarse het die erkende mode van die veldlewe geweld aangedoen. Gevolglik het dit dikwels tergende spot en sarkastiese aanmerkings uitgelok. Die goed was waarskynlik ook 'n nommer te klein, want die dik leer het styf om my voete gespan. Toe ek na 'n lange marteling, uiteindelik 'n gewone paar skoene vind, was dit met 'n gevoel van verligting en blye berusting dat ek vir goed van my duur kapstewels afskeid kon neem. Ondervinding het geleer dat sagte leerkamaste, saam met gewone skoene gedra, voorkeur by die perderuiters geniet het. Die geskaaf van die kuite teen die sye van die perd, kon op hierdie wyse voorkom word.

Die onverwagte neerlaag van 'n Boeremag op 21 Oktober 1899 by Elandslaagte-stasie in Natal, het tot gevolg gehad dat 'n groep beskikbare burgers van Johannesburg opgekommandeer is om die Boeremag aldaar te gaan versterk. Hierdie groep, waaronder ek my bevind het, moes onmiddellik na Natal vertrek.

Gehoorsaam aan die opdrag om my onder bevel van kmdt. Viljoen te plaas, het ek saam met 'n aantal mede-gekommandeerdes, in die grootste onkunde ten opsigte van die kommando-lewe, die treinreis na Natal onderneem. Dit was hier, naby Dannhauser, waar ek Ben Viljoen, kmdt. van die Johannesburgse kommando, 'n paar dae na die neerlaag by Elandslaagte, terneergedruk en ongenaakbaar aangetref het. In die omgewing van Dannhauserstasie, het daar toe 'n reorganisasie van kommando-eenhede plaasgevind en is ek in die Braamfonteinse Veldkornetskap onder Veldkornet Van der Byl opgeneem.

Sonder 'n ryperd was 'n burger op kommando nie eintlik hoogaangeskrewe nie. 'n Persoon wat op 'n plaas gewoon het, is gelas om hom met 'n perd en proviand vir 'n paar dae by sy kommando aan te meld. In die geval van 'n dorps- of stadsbewoner kon hierdie prosedure natuurlik nie gevolg word nie. Dit is dus vanselfsprekend dat diegene wat in besit van 'n geweer was en aangesluit het met die doel om aktief aan die oorlog deel te neem, daarna sou streef om 'n ryperd te bekom. Vir my persoonlik was dit 'n vernedering om onder die voetgangers ingedeel te word. 'n Groepie van ons het egter geen ander keuse gehad nie, aangesien hulle die rykuns nog nie voorheen aangeleer het nie. Op die ou Karooplaas het ek feitlik op die rug van 'n perd opgegroei. Moontlik ook daarom dat ek op kommando uiterste pogings aangewend het om 'n plek in die geledere van die perderuiters te verower.

Op Dannhauser het my pogings om 'n perd in die hande te kry, op 'n dooie niks uitgeloop. Perde, wat onontbeerlik vir kommandodiens was,

was aan die begin van die oorlog, in Natal altans, baie skaars. Sonder 'n perd en met geen vooruitsig om binne afsienbare tyd een in die hande te kry nie, moes ek, toe die bevel gegee is om van Dannhauser te vertrek, noodgedwonge sitplek op die buikplanke van 'n kommissariaatwa soek. Maar wonderlik genoeg, nie lank daarna nie, het die skynbaar onmoontlike tog 'n werklikheid geword. In ruil vir ses blikkies konfyt, wat, volgens ooreenkoms eers later op 'n onbepaalde datum verskaf moes word, het ek uiteindelik 'n deeglike rooiskimmelperd in die hande gekry.

Van Dannhauser af oor Dundee na die suide het die kommando by Elandslaagte verbygetrek en kon ons die slagveld besigtig waar die dood en verwonding so baie van ons medeburgers onverwags en weens sy skielikheid, in sommige gevalle, moontlik ook onvoorbereid oorval het. Plasse bloed, weggedroog en opgeskilfer, was nog duidelik sigbaar. Oral oor die gevegsterrein heen het die karkasse van perde verspreid gelê. Groot hoeveelhede wit vere, afkomstig uit 'n bulsak of kopkussing — luukse artikels in 'n stryd om lewe en dood — was in en teen die bosse en gras vasgewaai. Met buitensporige baldadigheid het die seëvierende soldaat, almal en alles waarop hy sy hande kon lê, uitgedelg en vernietig.

Moontlik weens die haatlike berigte in die jingopers, wat die Boere voorgestel het as monsteragtig wreed in hul optrede teen die Britse onderdane, het Dundee, by ons aankoms aldaar, verlate daar uitgesien. 'n Doodse stilte het alom geheers, daaglikse bedrywighede het tot stilstand gekom en verlatenheid in huis en op straat het bewys gelewer van die feit dat mens en dier na elders gewyk het.

Die houding wat die Boeremagte deurgaans ingeneem het en wat deur die offisiere streng toegepas en gehandhaaf is, was om nie-deelnemers aan die oorlog volkome ongehinderd te laat, afgesien van nasionaliteit en onderdaanskap. Eiendomme is onaangetas gelaat en waar bewoners van plase, wat tuis gebly en gewoonweg met hul boerderybedrywighede voortgegaan het, bewys gelewer het van hul geloof en vertroue in die regskapenheid van die vegtende burgers, is sodanige houding op prys gestel en kennelik waardeer.

Gevalle het egter ook voorgekom waar kwaadwillige persone onder dekking van hierdie gesindheid, agteraf met die Britse bevelvoerders in verbinding getree het en mededelings in sake militêre voorbereidings aan Boerekant, oorgedra het. In sulke gevalle is die betrokke persone beveel om die wyk te neem, wat dikwels oorhaastig en in sommige gevalle met agterlating van besittings geskied het.

Die oorwinning van die Britse magte te Elandslaagte, het die Britse genl. in Ladysmith, sir George White, met vertroue en waaghalsigheid vervul. Dit het dan ook waarskynlik as dryfveer gedien vir 'n aanval, drie dae later, op 'n Boeremag wat in die nabyheid van Elandslaagte-stasie in die heuwels op die plaas „Rietfontein" stelling ingeneem het. Die aanval was gerig op 'n deel van die Vrystaters wat Natal op 17 Oktober binnegeval het. Sover dit getalle betref, was die Britse mag oorweldigend groot, maar die botsing het krygskuns en taaie volharding van Boerekant te voorskyn gebring wat weer die vertroue in die krag van die Boere-wapen volkome herstel het.

In die namiddagure van 24 Oktober kon genl. White die wapengeweld van die Vrystaters en sy swaar verlies nie langer verduur nie. Noodgedwonge en halsoorkop het hy die wyk na sy versterkte vesting, Ladysmith, geneem.

'n Dag of wat na hierdie geveg, is die magte onder bevel van kommandant-generaal Piet Joubert en die Vrystaatse mag saamgevoeg. Deur die Boerebevelhebbers word daar gevolglik besluit om Ladysmith van drie kante af te beleër. Hierdie maneuwer van Boerekant het egter nie onopgemerk plaasgevind nie en is deur sir George White as 'n uiters onheilspellende teken ingesien. Die Engelse generaal kom dus tot die gevolgtrekking dat dit raadsaam sou wees om die verwagte Boere-aanval met 'n teenaanval van sy kant voor te spring.

Versterk deur die eertydse leërafdeling van die gesneuwelde genl. William Penn Symons wat onder bevel van generaal-majoor J. H. Yule uit Dundee ontsnap het, het sir George White aan die beginstadium van die beleg van Ladysmith oor 'n troepemag van tussen 12,000 en 15,000 manskappe, bygestaan deur 48 kanonne, bevel gevoer. Daarteenoor het die Boeremag bestaan uit uiters 6,000 man met slegs 17 kanonne om hulle te rugsteun.

Goedgeplaas in haastig voorbereide posisies, het die Boere die aanval afgewag. Fynberedeneerde krygsbeplanning, was die ondeurdringbare harnas waarteen die Britse leër hom op Maandag, 30 Oktober, by Modderspruit-Nicholsonsnek, vasgeloop het.

Die doel van genl. White was om die Boeremagte om Ladysmith en elders in Natal met hierdie enkele veldslag te vernietig en die klein deeltjie wat mog slaag om te ontsnap, oor die Drakensberge heen te verwilder. Hoe oorweldigend sterk die verweer en aanval van die burgers werklik was, word oortuigend weergegee in 'n verklaring van genl. White, nl. dat die Boere Ladysmith met 'n mag van 25,000 burgers omsingel het, d.ws. vier maal die getal wat werklik naby Ladysmith gekom het.

Na herhaalde stormlope deur die Engelse, kon die Boeremagte die voldoening van 'n triomfantlike oorwinning smaak toe die vyand deur 'n oorhaastige aftog bewys gelewer het van die onbetwisbare neerlaag wat hy gely het. Binne een week moes die Britse bevelhebber van die troepemag in Ladysmith vir 'n tweede keer die vernederende ondervinding opdoen dat hy met sy militêre oormag aan manskappe en grofgeskut, nie by magte was om sy vyand die begeerde nekslag toe te dien nie.

As 'n mens die akkuraatheid waarmee die Boer sy geweer hanteer en die trefbaarheid van die aanstormende troepemassa in gedagte hou, kan daar 'n idee gevorm word van die aantal gesneuweldes en gewondes wat die vyand op die slagveld verloor het. Aangesien die Boere, ten spyte van heftige bombardement, nie hul posisies ontruim het nie, moes hierdie stormlope meermale herhaal word. Hierbenewens moes die Engelse veldheer ook nog 1,200 van sy manskappe in die hande van sy vyand agterlaat.

Krygskuns wat in sy vindingrykheid talle mense verbaas het, gepaard met deursettingsvermoë en dapperheid, was van die eienskappe wat na vore getree het in die optrede van Louis Botha en Christiaan de Wet tydens die slag van Modderspruit-Nicholsonsnek. 'n Paar dae na die behaalde oor-

winning, is die rang van hierdie offisiere dan ook tot die van generaal verhoog.

Die Johannesburgse kommando het nie lank in Dundee vertoef nie maar het gou in die pad geval na Ladysmith. Daar aangekom, was ons net te laat om aan die veldslag van Modderspruit-Nicholsonsnek deel te neem. Tot die beleëring van die Engelse vesting, het ons kommando tog sy volle aandeel kon bydra.

C. J. Blom.